

20 Junie

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 5:11-21

Fokusgedeelte: DL, VD 2:6

### Jy kan kies!?

Jy kan kies of jy gered wil word of nie. Jy kan kies of jy in God wil glo of nie. Jesus se verlossing is vir alle mense beskikbaar. Dit hang van jou af of jy daarvoor of daarteen gaan kies. Hierdie eeue-oue dwaling is nog steeds gewild en sommige mense glo steeds dat dit van hulle vrye wil afhang of hulle gaan kies om te glo of nie te glo nie. Die keuse is joune, sê hulle!

Die Bybel leer ons egter dat selfs die vrye wil van die mens deur sonde aangetas is. Ons wil is in so 'n mate aangetas dat ons altyd teen God sal kies, behalwe as Hy deur sy Gees in ons begin werk om reg te kies. Daarom het die Sinode dit beklemtoon dat dit wel “van die besondere gawe van die barmhartigheid afhang” of mense die genade van Christus vir hulle self sal toe-eien of nie. Ek kan dus kies of ek in Christus wil glo of nie, maar as God nie uit sy groot barmhartigheid aan my die gawe van geloof gee nie sal ek kies om nie te glo nie.

In 2 Korintiërs 5:17-18 staan: “Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen ...” Dit alles, ook die genade dat ek in Christus glo, is die werk van God, sê die Woord. Dit is nie deur my eie toedoen dat ek glo nie, maar dit is aan God se genade te danke!

As God aan my die genade gegee het om in Hom te glo, as Hy van my 'n nuwe mens gemaak het, dan moet ek vandag ook deur hierdie genade soos 'n nuwe mens lewe deur my lewe volgens sy Woord in te rig!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~